
LK 18:9-14 : DIE FARISEËR EN DIE TOLLENAAR

No. E102

In hierdie gelykenis spreek Jesus 'n kernwaarheid van die Christelike geloof aan. Hier lê die wesensverskil tussen die evangelie en al hierdie wêreld se godsdienste, insluitende *Churchianity*. Dit gaan oor die vraag: *Waarop berus redding - menslike verdienste of Goddelike genade?*

DIE TWEE GROEPE OOR WIE DIT GAAN

❑ Die *Fariseërs* was geëerd in die samelewing. Polities het hulle geweier om enige kompromieë met die Romeine aan te gaan. Moreel kon niemand 'n vinger na hulle wys nie. Maar vir ewige redding het hulle op eie vroomheid staatgemaak.

❑ Die *tollenaars* was verag in die samelewing. Polities was hulle as belastinggaarders medewerkers van die Romeine. Moreel het hulle hulself verryk deur meer belasting te vorder as nodig. En soos dit met oneerlike en maklik verkrygte geld gaan, het dit tot allerlei sedelike uitwasse gelei.

DIE GELYKENIS (V.10-13)

❑ 'n Fariseër en tollenaar gaan bid by die tempel. Maar daar is vier diepgaande verskille tussen hulle.

1. Hulle het uiteenlopende opinies oor hulleself.

❑ Elkeen praat oor homself.
Die *Fariseër* verwys 5 maal na homself ("Ek"). Elke keer is hy die onderwerp van die handeling. Dit

gaan oor wat hý vir God doen (11-12).

Die *tollenaar* verwys ook na homself ("My") - maar as die voorwerp van die handeling. Dit gaan oor wat God vir hom moet doen.

❑ Elkeen plaas homself in 'n eie, unieke kategorie.
Die *Fariseër* sien homself as enig in sy soort, want hy is nie "soos ander mense" nie (11).

Ook die *tollenaar* beskou homself as uniek. Letterlik bid hy: "O God, wees my, dié sondaar, genadig." (Ons vertalings ignoreer die Griekse bepalende lidwoord, maar vgl. die NASB). Hy kruip dus nie tussen die skare sondaars weg, soos ons almal geneig is nie. Hy het vrede met ander se sonde. En dis die taal van ware verootmoediging.

2. Hulle het uiteenlopende gebedsgesindhede.

❑ Die *Fariseër* is trots, hooghartig, selftevrede en vol van homself.

Die Here Jesus lig 'n betekenisvolle stukkie detail uit. Hoewel die *Fariseër* God aanspreek, praat hy eintlik met homself (lett. *na homself toe*; vgl. NASB). Sy gebed mag indrukwekkend klink, maar by die hemel kom dit nie uit nie - dis 'n blufspel.

❑ Die tollenaar se lyftaal sê alles.

Sy *voete* bly op 'n afstand staan (13). Dit dui op respek vir God en 'n geringskatting van homself - soos Moses by die brandende bos.

Sy *oë* kyk in skaamte grond toe (13). Hy bid soos Esra: "My God, ek is te skaam, ek het nie die vrymoedigheid om my kop voor U op te tel nie. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog." (9:6).

Sy *hande* slaan wanhopig op sy bors as hy sy sonde uitkreun (13).

Sy *mond* uiter woorde van diep berou en verootmoediging (13).

3. Hulle het uiteenlopende posisies voor God.

❑ Die *Fariseër* is veroordeel en verwerp; die

tollenaar geregverdig en aangeneem (14, OAV).

Dus nie net hulle huidige stand nie, maar ook hulle ewige bestemming, is totaal uiteenlopend - soos die hemel en die hel.

4. Hulle is uiteenlopend in dit waarin hulle hul vertrou stel.

❑ Die *Fariseër* vertrou op sy 3 belangrikste godsdienstpligte: gebed, vas en uitdeling (12). Eintlik was hulle veel strenger as die Ou Testamentiese standaard. Die Wet vereis dat jy 2 maal per jaar vas; hulle doen dit 2 maal per week. Die Wet vereis 'n tiende van jou grond se opbrengs; hulle gee 'n tiende van alles wat hulle eet, koop en verkoop.

Hier het ons waarlik 'n vroom man! Hy is reg - hy is alles behalwe 'n dief, 'n bedrieër of 'n egbreker.

❑ Ook die *tollenaar* is reg: hy is dié sondaar by uitstek. Noem 'n sonde, en dit hang in sy kas.

SAMEVATTING

❑ Beide hierdie karakters is sondaars en verdien God se ewige oordeel. Een is egter totaal onbewus daarvan - en erken en bely dit dus nie. Die ander verkrummel onder sondebeseft - en roep om God se genade. Dis die wesensverskil tussen hulle!

❑ Hoe meer die *Fariseër* homself met ander vergelyk, hoe meer neem sy selfvertroue toe (9). Die *tollenaar*, daarenteen, is so diep onder besef van sy eie verdorwenheid en afhanklikheid van God se genade, dat hy totaal van ander mense vergeet.

❑ Die twee se idees oor die grond van God se regverdigverklaring verskil dus soos dag en nag. Die *Fariseër* reken dis eie meriete; die *tollenaar* kan aan niks anders as God se genade dink nie.

❑ Die *Fariseër* word nie veroordeel omdat hy vroom is nie, maar omdat hy op sy vroomheid staatmaak. Die *tollenaar* word nie regverdig verklaar

omdat hy 'n sondaar is nie, maar omdat hy in sy self-waanhooft die Here alleen om genade aanroep.

□ Kyk hoe sluit die Here Jesus af (14): die *Fariseër* is verlore, maar die *tollenaar* geregverdig. Waarom? Wie homself verhoog, sal verneder word; en wie homself verneder, sal verhoog word. *Só het God besluit sal dit werk in die verlossing van mense!*

DRIE OPMERKINGS, 'N VRAAG EN 'N UITNODIGING

1. Presies dieselfde lotsbepalende onderskeid is te sien in twee fases van 'n bekende man se lewe: Saulus, die Fariseër, en Paulus, die Christen.

Fl 3 is insiggewend in hierdie verband. Vers 3 stel die onderskeid. Verse 4-6 skets dan Saulus die Fariseër - dit waarop hy voor sy bekering geroem en staatgemaak het. Daarteenoor (moenie v.7 se "maar" miskyk nie) word Paulus die Christen in v.7-14 geteken. Let op hoe hy oor en oor van Jesus Christus praat, en hoe totaal Christosentriek v.10 is.

Wat die Apostel hier beskryf, vat Fl 1:21 só saam: "... om te lewe, is vir my Christus ...".

Die wesensverskil tussen Saulus en Paulus lê in twee woorde: *self*, enersyds; *Christus*, andersyds.

2. In die Tollenaar sien ons die mees fundamentele merkteken van wedergeboorte.

Enigiets minder as volkome en hartgrondige wanhoop in jou eie verdienste, enersyds, en 'n ongekwalifiseerde werp van jouself op God se genade, andersyds - bring die egtheid van jou geloof ernstig onder verdenking.

Geestelike bedelaarskap (Mt 5:3, lett.) is en bly die drumpelvereiste vir toetreding tot die Koninkryk.

Verder moet ons onthou: 'n ware Christen was nie net soos die Tollenaar nie; hy bly in 'n sin so.

Een van die grootste gevare wat ons in die gesig staar, is om *Christelike Fariseërs* te word. Jy was eenmaal gebroke; jy is lankal nie meer nie.

Sondegebrokenheid en geloofsekerheid is nie

wedersyds uitsluitend in 'n Christen se lewe nie. Trouens, sonder voortgaande gebrokenheid is jou sekuriteit waarskynlik nie ware sekerheid nie, maar voorbarigheid.

Waar lê die sleutel? Ons moet *God self*, asook *Sy Wet en standaard* steeds beter leer ken. En ons moet *onsself* beter leer ken. En dit sal ons dring om steeds dieper in *Christus* in te vlug en by Hom te bly skuil.

Die vraag is dus: hoeveel sondebelydenis, selfmishaging, verlange na geregtigheid en verlustiging in Christus is daar in ons lewens?

3. Hierdie gelykenis is kardinaal belangrik vir hoe ons evangeliseer.

Ons moet daarteen waak om mense té maklik na die Here toe te lei. Voordat iemand nie verslae en wanhopig is oor sy eie godsdienstige pogings nie, is hy nog nie gereed vir die Koninkryk nie. Waarom nie? Christus is nog nie belangrik genoeg vir hom nie. 'n Drenkeling wat in stormsee nie met al sy krag aan die lewensboei vashou nie, word gou-gou daarvan losgeslaan en verdwyn onder die golwe.

Talle evangelisasiekursusse en -tegnieke misluk op hierdie punt. En om 'n ander voor te sê in 'n gebed van oorgawe, moet bevraagteken word. Hy wat nie self sy sonde kan opnoem en om genade pleit nie, is nog nie waar die tollenaar was nie.

Goedkoop, mensgemaakte evangelisering doen onberekenbare skade - aan die eer van God, aan die welsyn van die kerk, aan die siele van mense.

Nee, ons moet die pad van verlossing duidelik vir soekers skets - maar hulle dan los om dit self met die driemaal-heilige God uit te worstel.

4. Staan jy in die Tollenaar se skoene?

Laat een en elkeen van ons verstaan: godsdien op sigself red nie!

En herkoms op sigself maak kinders nie vir God aanvaarbaar nie!

En soekers moet begryp: jy durf nie maar hoop vir die beste nie. Daar is nie so iets soos *genade vir die eerste maal* voor die regterstoel nie. Jy kry

genade in hiërdie lewe; redding vind hiër plaas. Soos 'n testament, moet jou verbondsdokumente in orde wees as jy jou laaste asem uitblaas. Nóú is die tyd!

Jonathan Edwards het gesê: "Almost every natural man that hears of hell, flatters himself that he shall escape it." Maar die werklikheid is dat 'n mens die Koninkryk nêr in tollenaarskoene kan binnestap!

Staan jy in sulke skoene? Ja? Kom dan - jy is gereed vir die Koninkryk! Die blye dag van verlossing is net 'n halftree weg!

5. 'n Uitnodiging van die Here self.

"Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is. Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid" (Jes 55:1-3).

Nico van der Walt

Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente (Pretoria)
Posbus 12371, Queenswood, 0121
T: (012) 333 4072 (weekdae 08:00 - 13:00); 082 7766 141
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za
www.reformed.org.za www.sola5.org

- Daar word weekliks 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan amper 2000 mense wat dit aangevra het.
 - Hierdie preke word ook in Engels versprei.
 - Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
 - E-preke vantevore uitgestuur, is te kry op bg. webwerf.
 - Preekopnames: info@nunide.org.za; T: 012-8083 906
 - Graag stuur ons 'n bekendstelling aan diegene wie se name u vir ons mag aanstuur, maar plaas mense net op ons adreslys as hulle dit dan self versoek.
-